

TOLBOOS

Amptelike mondstuk van die Genootskap vir die Handhawing van Afrikaans

Gedigtekompetiese 2018

Die GHA bied jaarliks 'n digkompetiese aan om, volgens die organiseerders, Afrikaans behoue te laat bly en om mense aan te moedig om die taal suiwer te praat en te skryf. Enigeen wat Afrikaans magtig is en die vermoë het om te dig, kan inskryf. Volgens Claudine Boshoff, uitvoerende beampte van die GHA, het dié kompetisie vir volwassenes in 2005 ontstaan met 'n bloemlesing getiteld Stemme uit die Suiderland. Skoliere kan sedert 2013 aan Die Wonder van Afrikaans deelneem.

Die kompetisie het drie afdelings, naamlik 'n oop afdeling en een vir senior- en juniorleerders. In die volwasse been van die kompetisie ontvang die algehele wenner R3 000, die naaswenner R2 000, en elk van die 10 kategoriewenners R1 000. "Daarmee saam ontvang elke wenner en naaswenner 'n sertifikaat met sy/haar gedig op," sê Boshoff. Die prysuitdeling val saam met 'n glansaand waartydens die nuwe digbundel bekendgestel word. Al die wengedigte, sowel as ander noemenswaardige inskrywings, word in dié bundel gepubliseer.

Die skolekompetiese word in samewerking met Aksie Vrouekrag aangebied, en bestaan uit opstelle en gedigte

Aksie Vrouekrag borg die prysgelde vir die opstelwenners en GHA die prysgeld vir die wenners in die gedigte-afdeling. Skoliere het ook 'n glansaand waartydens sertifikate uitgedeel en die digbundel, Die Wonder van Afrikaans, bekendgestel word.

Skoliere kan ook vir die volwasse afdeling inskryf. "Dit het al gebeur dat 'n skolier 'n kategorie in die volwasse afdeling gewen het." Boshoff meen dat kompetisies wat Afrikaans bevorder kardinaal is tot die stryd teen die taal se uitsterwing. "Dit bevorder ook mense se skryfvermoëns om aan kompetisies soos ons s'n deel te neem."

Die sluitingsdatum vir die skolekompetiese is 31 Mei 2018, en vir die volwassenes 30 Junie 2018. Skryf in deur die volgende webtuiste te besoek: www.afrikaans.org.za/kompetieses/.

Dié stuk het is geskryf deur Natasha Venter en het in die mondstuk van Afiforum verskyn.

Inhoudsopgawe

GHA-leier aan die woord - p2

James Kemp is Pretoria fm se nuwe nuushoof - p3

Die Verkenners - p4

BCVO sit die stryd voort vir moedertaalonderrig - p5

Grondhervorming of grondroof - p7

Afriforum se Onderwys Blitskonferensie - p8

Ontmoet GHA-bestuurslede - p10

Handhawers aan die woel - p12



ANC Parliament
@ANCParlament

#Ramaphosa: We are determined that expropriation without compensation should be implemented in a way that increases agricultural production, improves food security and ensure that the land is returned to those from whom it was taken under colonialism and apartheid. **#SONA2018**

2018/02/16, 19:56

GHA-leier aan die woord.



Mnr Pieter Oosthuizen, voorsitter van die Genootskap vir die Handhawing van Afrikaans.

“Hoor jy die magtige dreuning?”

Daar word dikwels in die Afrikaanse media deur kultuurleiers en rondom braaivleisvure verwys na die “toenemende druk” op die taal oor die “afgelope twee dekades”. Dit laat die aanslag open die bedreiging vir Afrikaans relatief jonk klink, gemeet teen die 366 jaar se geskiedenis na die koms van Jan van Riebeeck aan die Kaap de Goede Hoop.

Die aanslag is egter nie nuut nie. Dit was trouens nog nooit verby nie – selfs nie tydens die gloriejare van die volk na Republiekwording in 1961 nie. Intendeel, ek voel dikwels dat, soos met die Engelse soldate se aanneem van die slagspreuk “Remember Majuba” om wraakgevoelens aan te vuur tydens die Anglo-Boereoorlog, het Afrikaner-onafhanklikheid, Afrikanerselfstandigheid en Afrikaner-ondernemendheid met die Republiekwording net die haat teen Afrikaans en Afrikaners nuwe momentum gegee.

Dit was vir wêreldmagte altyd baie gerieflik om die Afrikaners se ondernemingsgees tot hul voordeel te gebruik om die braakgrond te spit en die weg te baan vir beskawing en Westerse tegnologie, maar net totdat selfregering en vryheidsideale begin opvlam. Dit is interessant en ironies hoe dat te midde van die hele wêreld se skynbare toewyding tot wêreldvryheid, vrye liefde en gelyke regte sonder veroordeling en diskriminasie - ongeag jou herkoms, geslag, ras en selfs seksuele voorkeure, die Boere-Afrikaner soos met Israel, nie deur die wêreld hierdie vryheid nie gegun word nie.

Die verval van die volk is gelukkig (en ongelukkig) ook niks nuut nie en ons floreer onder verdrukking. Daarvan is die geskiedenis die bewyse.

Wanneer 'n mens gaan kyk na die hoogtepunte en laagtepunte van ons volk se geskiedenis sedert die eerste Vryburgers tot en met die Republiekwording in 1961, skets dit alles 'n baie bekende prentjie. Van die gewraakte plakkaat rondom 'n Afrikaanse kind se nek met die woorde “I am a donkey” op omdat hy Afrikaans by sy skool gepraat het gedurende die Britse-Kaapkolonie tot hedendaagse plakkate met die woorde “Afrikaans must fall” op in die hande van EFF –en ander betogers by 'n Afrikaanse hoërskool of universiteit omdat studente daar 'n behoefte aan onderrig in Afrikaans het. Niks daarvan is nuut nie.

Die Afrikanervolk wat bymekaarkom en saamstaan om die voortbestaan van ons taal en die uitleef van ons Godsdienst te beskerm, is ook nie nuut nie. “Hoor jy die magtige dreuning? Oor die veld kom dit wyd gesweef. Die lied van 'n volk se ontwaking wat harte laat sidder en beef.”

Die tyd het aangebreek vir Afrikaans om weer te begin dreun. Enige Afrikaner behoort hoendervleis uit te slaan wanneer hy hierdie woorde hoor – en enige vyand van die taal wat hierdie woorde hoor, behoort gevul te word met 'n antieke vrees vir die leeus van Suid-Afrika.

Hierdie is geensins 'n opswepery tot geweld nie, maar net 'n herinnering dat Afrikaners nie die agterlike, platvloerse mense is wat die media, die politiek en selfs baie elemente van die vermaaklikheidsbedryf wil suggereer nie. Ons is die nasate van die Vryburgers, die Verkenner, die Voortrekkerleiers... Ons is die Kinders van die vrouens wat kaalvoet oor die Drakensberge getrek het. Die nasate van De Wet, De La Rey en Jopie Fourie. Die bloed van Pannevis en Totius vloei deur ons are...

Ons is die hede en ons is die toekoms van ons taal en ons volk en ons moet besluit of ons gaan handopsteek om weer van voor te trek en of ons die generasie gaan wees wat die wêreld uiteindelik sy sin sal gee...

James Kemp is Pretoria fm se nuwe nuushoof.



Klankkoerant: “Ons vra die Afrikanervrae”

Die oomblik as die rooi lig aangaan en jy weet dat jy regstreeks oor die lug is, bly steeds `n nederige ervaring. Jy weet dat jy met duisende mense praat en jy weet dat jy namens duisende die vrae vra wat gevra moet word.

Alhoewel luisteraars se belangstellings en standpunte oor beide politieke en aktuele gebeure verskil, maak ons seker dat ons programme gebalanseerd is en die ware stand van sake feitelik bied. Ons doen moeite om op hoogte van politieke- en nuusgebeure te bly.

Elke oggend kom die Klankkoerant-span bymekaar en bespreek die dag se aktualiteit. Ons praat oor die afgelope dag se nuusgebeure en ons praat oor dit wat ons luisteraars in die tyd wat kom gaan raak. Die afgelope maand het ons bymekaar gekom en gevra wat ons van ander uitsaaiers onderskei. Ons is deel van `n groeiende radiostasie met groot adverteerders wat betrokke raak, maar hoe sal ons te werk gaan om onself van ander radiostasies te onderskei?

Ons het onlangs gepraat oor die bekende foto van Hector Pieteron wat tydens die 1976-opstande doodgeskiet is. Ons kyk direk daarna na `n foto van `n dokter wat met `n klein dogterjies in sy arms hardloop. Sy was pas die slagoffer van `n bomaanval. Die bom is op 23 Desember 1985, twee dae voor Kersfees, in `n asblik geplaas. Vyf mense het gesterf en veertig is gewond aan die hand van die ANC-kader, Andrew Zondo. Vandag staan die straat waarin die terreurdaad gepleeg is bekend as Andrew Zondo-straat.

Min mense ken egter die storie - maar almal herken die foto van Hector Pieteron. Die dood van enige kind bly `n tragedie. Dit bly egter net so hartseer as die verhaal van die kind se dood nie vertel word nie. Of nog erger – as die oorsaak van jou dood `n straat na hom vernoem kry. Dit is waar ons rol intree – ons moet die deel van die verhaal vertel wat die ander media verswyg.

So ons moet seker maak dat ons ons nismark, die Afrikaner, daagliks op hoogte hou van dit wat ons direk raak. So ook om te sorg dat hulle die waarheid hoor en nie op hol raak oor gerugte wat deur groepe versprei word met die doel om paniek te saai nie. Ons hou die Afrikaner ook op hoogte van vordering en vooruitgang wat in ons eie organisasies plaasvind en van hoe ons mense na onself en mekaar kyk.

Klankkoerant is `n produk van Pretoria FM wat tans op verskeie radiostasies herlei word. Ons missie is om nuus aan die Afrikanergemeenskap te bring – om te verseker dat hulle kennis dra van die gebeure van die dag en nie net die regering se weergawe kry nie. Ons is in `n bevoorregte posisie om joernaliste by elke belangrike geleentheid te hê wat regstreeks van daar af kan verslag doen. En wanneer ons joernaliste daar is: vra ons die vrae wat Afrikaners raak.



Die Verkenners.



Alwyn de Klerk, president van die Verkennersbeweging van Suid-Afrika

Die Verkennersbeweging van Suid-Afrika het sy bestaan in 1989 gehad, nadat 'n klompie manne besluit het dat daar 'n behoefte is vir 'n behoudende kultuurorganisasie vir Boeremanne.

Ons dien geen politieke partye nie en is nie aan hulle onderdanig nie. Lede streef na 'n eie Vaderland waarin ons ongehinderd God Drie-enig kan dien en deur ons eie mense regeer kan word. Intussen hou ons onself besig met die uitbou van ons taal, kultuur en geloof.

Die beweging berus op 'n Christelik volkseie grondslag met erkenning van die oppergesag van die Drie enige God en die gehoorsaamheid aan die Bybel as die onfeilbare Woord van God wat vir ons sal dien as enigste norm en rigshoer.

Die Verkenners is betrokke by verskeie CVO skole om te verseker dat daar Christelike Volkseie opvoeding vir ons kinders beskikbaar is.

Verder is ons ook nou betrokke by die Paardekraalmonument sowel as die Majubagedenkplaas.

Ek kan met trots sê dat die Verkenners veral 'n leidende rol speel by die jaarlikse werksnaweek ter voorbereiding op die Majubafees, ongeag die gasheerorganisasie. Hierdie jaar was weer nie anders nie en die ou 'grasdak' ablusie spog met 'n splinternuwe vlekvrystaal donkie wat gaan sorg dat menige kampeerder heerlijk warm kan stort by ons geliefde berg vir vele toekomstige jare.

Een ding wat die Verkenners nie graag doen nie, is om ons werksaamhede aan die groot klok te hang. Ons doen wat ons hand vind om te doen om ons doelstellings uit te leef.

Die Verkenners is trots om hierdie jaar as die gasheerorganisasie van die Majubafees te optree. Die man wat breëbors rondstap op die terrein sal ek wees. Eerstens omdat ek die voorreg het om my met manne soos die Verkenners te omring en tweedens omdat ons weer kan kamp opslaan by ons geliefde berg.

Ek wil ook my dank uitspreek aan die vele organisasies en persone wat ons kon inspan om die fees 'n sukses te maak. Julle is staatsmakers. Mag elke volksgenoot 'n onvergeetlike fees hê. Mag die Liewe Vader u behoed en bewaar totdat ons mekaar weer by die berg ontmoet.



BCVO sit die stryd voort vir gehalte Christelike moedertaalonderrig.

Lucia van Wyk, uitvoerende hoof van die BCVO skryf soos volg oor die onderwys:

Christelike onderwys is in 'n krisis!
Afrikaanse onderwys is in krisis! Onderwys standarde is in 'n krisis!

Dit is niks nuut nie en eintlik ook nie eers meer nuus nie. Ons sê dit al vir bykans 'n dekade vir mekaar. Dit raak egter al hoe erger en die aanslae al hoe feller. Wat doen ons hieraan? Is ons die paddatjie wat saam met die water warm word of is ons die paddatjie wat in die room geval het en bly trap tot die botter styf genoeg is om uit te klim?

Afrikaanse skole raak al hoe minder. Afrikaanse Universiteite raak al hoe minder. Elke ouer wil die beste hê vir sy/haar kind. Afrikaanse ouers ook! Dog, Afrikaanse ouers begin egter al hoe meer redeneer dat hulle eerder hulle kinders in Engelse skole sit sodat hulle makliker kan aanpas en beter voorbereid kan wees vir tersiêre studie in Engels.



Dan moet mens onthou: taal is nie net 'n kommunikasiemiddel nie, maar dit verteenwoordig 'n rykdom aan kultuurgoedere en is 'n draer van identiteit en waardes. Taal fasiliteer ons intellektuele en kulturele interaksies met ander mense.

Volgens Theo du Plessis, direkteur van die Eenheid vir Taalfasilitering en –bemagtiging van die Universiteit van die Vrystaat, het kinders hulle moedertaal nodig om kognitiewe ontwikkeling te verseker. Hy sê dat 'n te vroeë oorskakeling na 'n onderrigmedium wat nie die moedertaal is nie en sonder die behoud van die moedertaal in die onderwyssituasie, katastrofiese gevolge kan hê vir die kognitiewe ontwikkeling van sulke kinders. Hulle kan dan uiteindelik intellektueel en akademies gesproke nie kers vashou by kinders wat die voorreg van langdurige moedertaalgebaseerde onderwys geniet het nie.

As die taal wat jy tuis hoor ooreenstem met die een waarin jy geletterdheid ontwikkel, met ander woorde leer lees en skryf, kan dit beslis tot beter prestasie bydrae. As die taal wat jy hoor met die klanke wat jy op papier sien, ooreenstem, gaan jy vinniger leer. Nasionale en internasionale navorsing het bewys dat leer deur die moedertaal vir ten minste die eerste ses jaar van 'n kind se lewe, beslis leer bevorder. Die Franse taalkundige André Martinet het opgemerk dat moedertaal “die taal is waardeur mens tot 'n begrip van die wêreld kom.”

Moedertaalonderrig is een van die redes hoekom Afrikaanse skole se leerlinge steeds volhoubaar presteer en uitstyg selfs in die wêreld.

Dr. Viatcheslav Wlassoff, wetenskaplike en mediese konsultant wat by verskeie instansies wêreldwyd betrokke is, waaronder Cambridge Universiteit, het in sy studie bewys dat die plek in die brein waar 'n kind moedertaal aanleer, verskil van waar ander tale aangeleer word. Alison Mackey, 'n professor in linguistiek by Georgetown en Lancaster Universiteite het deur middel van MRI-skanderings bevestig dat die gebruik van moedertaal en ander tale op verskillende plekke in die brein plaasvind.

Die sentrum van die brein waar jou moedertaal aangeleer word, verwerk dinge vinniger as die deel van die brein waar ander tale verwerk word. Taalverwerking en die gebruik van moedertaal is iets wat onbewustelik plaasvind, as't ware sonder dat daarvoor gedink word. Die aanleer van 'n tweede taal is egter iets wat bewustelik gedoen moet word. Dit is hoekom 'n mens moet dink as jy in 'n ander taal kommunikeer.

Dit is dus noodsaaklik dat 'n kind so lank moontlik in sy/haar moedertaal onderrig word. As hulle vroeg in 'n tweede taal moet leer, moet hulle in wese dubbeld so hard werk, want hulle is nog besig om die tweede taal aan te leer en moet nou ook die leerstof bemeester. Dit is dus 'n wanopvatting dat 'n Afrikaanse kind bevoordeel word as hy/sy van jongs af in 'n Engelse skool is of dat hulle beter sal vaar op Universiteit, want alles is Engels. Daar is meer navorsing wat die teendeel bewys, dus dat hulle in wese benadeel word. Leerlinge wat uit Afrikaanse skole kom, vaar baie goed op Universiteit, selfs al is alles in Engels.

Moedertaal onderrig vervolg.

BCVO is 'n diensorganisasie wat in 1992 gestig is en tans 34 CVO skole landswyd koördineer. BCVO is gestig deur ouers wat wou seker maak dat hulle kinders waardegedrewe moedertaalonderrig sal ontvang. CVO skole is by die Departement van Onderwys geregistreer as onafhanklike skole. Dienste word deur permanent aangestelde personeel wat in die hoofkantoor in Pretoria werk, aan skole gelewer. Dienste sluit in akademiese ondersteuning in die vorm van 'n vakadviesdiens, evalueringdienste in die vorm van inspeksies by skole en standaardiseringsvraestelle om standaarde te verseker, saamstel van leerplanne en handboeke. BCVO koördineer verder provinsiale en nasionale geleenthede vir Sport en Kultuur.

CVO Skole se vertrekpunt is Christelike moedertaalonderrig.

In 'n tyd wat die media en verskeie mense vra dat geloof uit die skole gehaal moet word, bly die Bybel en Bybelse beginsels 'n ononderhandelbare deel van CVO skole. CVO Skole is gebou op Christelik Gereformeerde aard en karakter wat die verbondsouer ondersteun in hulle opvoedingstaak. Die skool is dus 'n verlengstuk van die ouerhuis. Kinders is kosbaar en geskenke van God. Spreuke 29:17 sê: "Gee jou seun 'n goeie opvoeding, en jy sal gerus wees oor hom; hy sal jou baie vreugde verskaf." Bybelse beginsels vorm 'n goue draad wat deur al die vakinhoudes verweef is. Bybelonderrig is 'n bevorderingsvak, m.a.w. leerlinge moet Bybelonderrig slaag om te kan slaag. In Bybelonderrig word erns gemaak met Bybelkennis asook kennis van die Belydenisskrifte. In alle vakke word van Bybelse waarhede as enigste vertrekpunt gebruik gemaak. Christelike Onderwys is dus nie beperk tot die lesse in Bybelonderrig of open met Skriflesing en gebed nie. Dit moet op al die terreine van die skoollewe na vore kom.

In CVO Skole word geensins politiek of rassisme bedryf nie, intendeel dit is dissiplinerbaar. Leerlinge word geleer wie hulle is en waar hulle vandaan kom, want dan weet hulle waarheen hulle op pad is. Deur 'n trots vir die eie te kweek en te vestig, word respek vir ander kulture en volke ontwikkel. 'n Trots word gekweek vir Afrikaans as Moedertaal, vak- en onderrigtaal en leerlinge word aangemoedig om 'n suiwer taal te besig. CVO ouers glo die navorsing en bewyse waarna aan die begin verwys is, daarom wil hulle hê dat hulle kinders in Afrikaanse skole onderrig moet word. Hulle het ook in die suksesse van oudleerlinge dit reeds eerstehands beleef.

'n CVO Skool probeer om 'n leerling in alle opsigte as gebalanseerde volwassene voor te berei. Massadeelname in sport- en kultuuraktiwiteite word aangemoedig. Leerlinge kry dus geleentheid om deel te neem en so moontlik onontdekte talente te ontwikkel.

Omdat die skole klein is, neem leerlinge baie gouer op provinsiale en nasionale vlak deel. Hulle kan deelneem aan onder andere atletiek, waar hulle teen die ASA-tabel gemeet word, rugby en netbal, krieket, tennis, landloop, skaak, hokkie, ens.. Leerlinge neem eers in streek verband deel en dan op nasionale vlak. Aan die einde van die eerste kwartaal is dit byvoorbeeld BCVO se nasionale atletiek, tweede kwartaal – rugby en netbal, gedurende die derde kwartaal krieket, landloop, skaak, hokkie en tennis. Verskeie leerlinge is al volledige beurse deur tersiêre instellings en selfs rugby-unies aangebied as gevolg van sportprestasies wat raakgesien word.

Op kultuurgebied het ons kunsfeeste, redenaarskompetisies, openbare rede, ens. Ook hier neem die kinders eers plaaslik, dan op streekvlak en dan nasionaal deel. Tydens BCVO se Kultuurgalageleentheid word gaste getraakteer op net die beste items uit elke Streek. Dit is werklik 'n spoggeleentheid en toonvenster van kwaliteit. Baie klem word op redenaars gelê omdat dit 'n kind goed voorberei vir die beroepswêreld. Daar is nie 'n enkele beroep waar 'n persoon nie een of ander tyd sy standpunt moet stel en verduidelik nie. Leerlinge word van kleins af geleer om hulle eie toesprake uit te werk en te redeneer oor onderwerpe.

CVO leerlinge styg ook op kultuurgebied uit en maak hulle merk in die samelewing. Retief Scholtz, oudleerling van CVO Gromar, Groblersdal, het pas 'n Fiêsta-toekenning ontvang as beste opkomende kunstenaar.

CVO Skole probeer so ver moontlik 'n bekostigbare diens aan ouers lewer. Inkomste word hoofsaaklik verkry uit skoolfonds, maar word aangevul uit skenkings en fondsinsamelings.

Verskeie CVO Skole het koshuise om leerlinge te akkommodeer wat nie naby 'n CVO skool woon nie.

Daar is 'n plek waar Christelike Afrikaanse kinders nog onbeskaamd kan dink, droom en werk aan 'n toekoms. Waar hulle trots kan wees op wie hulle is en waar hulle vandaan kom. CVO is nie net 'n naam nie, dit is 'n leefwyse! Sluit gerus by ons aan om u kind ook hierin te laat deel.

BCVO ter wille van ons kinders, tot eer van God!



Grondhervorming of grondroof?



Bennie van Zyl, hoofbestuurder van TLU SA skryf soos volg:

Die emosie rondom grondbesit in Suid-Afrika het tydens die ANC se konferensie in Desember 2017 hoogty gevier met die besluit dat dit voortaan deel van die ANC se beleid sal wees dat grond sonder vergoeding onteien kan word. Daar is wel ook genoem dat dit op so wyse moet geskied dat die ekonomie daardeur nie geskaad mag word nie. Die voorwaarde veroorsaak eintlik by implikasie indien rasioneel na dit gekyk word dat dit dus eintlik glad nie kan gebeur nie.

Die dilemma is egter dat rolspelers vanuit verskillende hoeke so besluit sal ontleed. Persone wat 'n vrye mark en privaatbesitreg as grondslag beskou, sal totaal anders daarna kyk as 'n persoon wat 'n sosialistiese en kommunistiese uitgangspunt huldig. Suid-Afrika het verskillende wêreldes van denke en oortuigings wat baie moeilik versoenbaar is. Dit is 'n bekende feit dat daar in Suid-Afrika tans 'n ongekende hoë armoede en werkloosheid aan die orde is. Dat dit aangespreek moet word ten einde 'n stabiele omgewing te kan skep is noodsaaklik. Dit kan net op 'n volhoubare wyse gedoen word indien die ekonomie groei. Ongelukkig het die ANC beleid en hul regeerstyl veroorsaak dat die broodnodige vaste beleggings nie na behore gerealiseer het nie. Na alles, wie sal met vertroue belê in 'n land waar die regerende party as beleid aanvaar dat hul jou bates gaan vat sonder om jou daarvoor te vergoed.

Mnr Ramaphosa het sopas oorgeneem as president van die land. Dit moet egter onthou word dat sy beweegruimte grootliks bepaal word deur dit wat in Luthuli-huis besluit word. Hy is nog glad nie by 'n wenpaal nie, hy het sopas weggespring by die wegspringplek. Die resultate van sy wedloop sal eers vorentoe gesien word. Daar is reeds bepaalde standpunte ingeneem, maar is dit 'n ope vraag of die ANC onderbou op al die platvorms wat oor tyd geskep is in staat sal wees om uit 'n geykte denk- en doenpatroon iets anders te doen as waaraan hulle

Suid-Afrika is in afwagting om in die praktyk te sien in watter rigting gaan die ANC onder mnr Ramaphosa beweeg. Gaan die ANC se ideologie en beleid hom ook gevange hou waarbinne die beloftes aan die stemvee sal seëvier binne 'n idioom dat almal sal kry of gaan die noodsaaklike ekonomiese beginsels as grondslag besluitneming vorentoe rig. Een van die groot probleme van die ANC se regeer benadering is dat onrealistiese en onhaalbare verwagtinge geskep word aan die een kant, terwyl dit andersins juis beleggersvertroue afbreek. Gaan mnr Ramaphosa wel hieraan iets doen? Gaan hy die vertroue weer kan herstel vir beleggers om onbevange te belê in Suid-Afrika is die ope vraag – tyd sal leer. Laat ons soos ook met baie vorige leiers besef dat ons nie op prinse moet vertrou nie, maar dat ons wel ons vertroue vestig in God Drie-enig.

Al word konsensus bereik dat privaat besitreg as een van die kritiese aspekte die beste stimulus is om ekonomiese groei te bewerkstellig is daar nog te veel aspekte wat negatief inspeel op beleggingsvertroue. Geen duidelikheid bestaan oor wat die ANC self wil doen of bereik nie. Die onduidelikhede tussen die verskillende departemente met uiteenlopende en selfs botsende uitsprake maak dit amper onmoontlik om met hulle te kan saamwerk. Die gevoel ontwikkel dat die ANC ideologies binne homself verward is. Verantwoordelikheid word nie maklik aanvaar nie en is daar baie keer iewers iets of iemand wat die blaam moet dra vir hul onvermoë om te kan presteer.

Grond opsigself beteken nie outomaties kos op die tafel of rykdom nie. Verstaan mense regtig die proses waardeur die boer moet gaan om al die risiko's te bestuur, om die produksiefaktore met 'n stroom van veranderlikes sowel as ongegronde beskuldigings oor grondroofstal en onseker veiligheidsomstandighede wat opsigself baie uitdagings bied ten einde wins te maak?

Suid-Afrika is vasgevang in hierdie onhaalbare ideologiese spel van 'n regering wat steeds “struggle” en nog nie by die punt kon uitkom om te begin regeer nie. Met dit in gedagte het TLU SA reeds in 2005 'n voorstel gemaak waar hulle teikens bereik kan word sonder dat enige grondeienaar se titelakte in gedrang gebring word anders as deur eie keuse nie. Die landbou-omgewing word gestabiliseer deur hierdie voorstel en voedselsekerheid word nie aangetas nie..

Afriforum se Onderwys Blitskonferensie.

Taalregte is 'n internasionaal erkende mensereg en die Suid-Afrikaanse regering het 'n plig om praktiese uitvoering daaraan te gee as gevolg van deklarasies en resolusies deur die VN wat dit geratifiseer het.



Alana Bailey is adjunk- uitvoerende hoof van AfriForum en is verantwoordelik vir internasionale skakeling, taal, onderwys, erfenis en kultuur. Voor die stigting van AfriForum was sy waarnemende hoof by die Maatskappy vir Immigrasie. Sy het 'n meestersgraad in historiese en erfenisstudies.

As dit nie gebeur nie, moet aktivisme onderneem word om te verseker dat taalregte nie net papierregte bly nie.

1. Litigasie is een noodsaaklike vorm van sodanige aktivisme, maar om blywende sukses te behaal, kan dit nie die enigste vorm van aktivisme wees wat onderneem word nie.

2. Mense wat voel hulle taalregte word erken en beskerm, is meer deelnemend, lojaal en geneig om ander gemeenskappe se regte te erken en respekteer – wat die baie werklike gevaar van intergemeenskaplike konflik ontloot.

3. Ons moet dus aandring op ons taalregte – nie net omdat moedertaalgebruik opvoedkundige voordele inhou nie, maar omdat jou moedertaal jou ten beste in staat stel om jou gemeenskap tot diens te wees.

Praktiese take op ons weg wat in die loop van die konferensie geïdentifiseer is, sluit in:

Die skep en uitbou van privaat Afrikaanse onderriginstellings en die vertaling van handboeke in Afrikaans.

Grondhervorming of grondroof vervolg...

Enige regdenkende persoon (of regering) sal, indien daar 'n tikkie van verantwoordelikheid teenwoordig is, so 'n voorstel aangryp. Hierdie voorstel was ekonomies gedrewe en sal kundigheid en ingesteldheid op die einde deur die mark geëvalueer word vir volhoubaarheid al dan nie.

Die posisionering van die Afrikaner in hierdie onseker omgewing vereis dat daar ook denke moet ingaan oor die pad vorentoe. Die werklikheid is dat ons vandag sit met verskeie stelsels wat grootliks faal in die samelewingsorde. Kan hier bv. dink aan onderwys, gesondheidsdienste, veiligheid, funksionering van plaaslike regerings en so kan aangegaan word. Dan besef mens dat daar baie meer denkkrag moet ingaan om sisteme te maak werk waar daar volgens waardes en norme wat aanvaarbaar is 'n beter toekoms te skep.



Afriforum se Onderwys Blitskonferensie.

Alet Rademeyer berig soos volg oor Afriforum se Blitskonferensie oor moedertaalonderwys wat op 16 Februarie 2018 by Akademia, plaasgevind het.

Aktivisme en taallitigasie is instrumente wat die Afrikaanse taalgemeenskap mee moet volhou ter beskerming en bevordering van Afrikaans.

Dit is die kerngevolgtrekking waartoe vandag by 'n blitskonferensie van AfriForum oor Afrikaans in Centurion gekom is.

Verskeie kundiges het voorleggings gemaak by die konferensie wat gehou is in die lig van die onlangse Kowsie-uitspraak en ontwikkelings by Hoërskool Overvaal in Vereeniging.

Prof. Hennie Strydom, kenner in internasionale reg by die Universiteit van Johannesburg (UJ), het verwys na die internasionale opsies wat beskikbaar is taalregtebeskerming.

Hy het gesê in die lig van ontwikkelings in die tersiêre sektor in die land, was die tyd nog nooit so ryp vir die stigting van privaat universiteite nie.

Strydom het gewys op die pligte wat die staat het om respek vir die internasionale plek van taalregte as 'n mensereg te hê, sowel as om verdraagsaamheid vir kulturele en linguïstiese diversiteit te bevorder. Die staat moet ook wetgewende en ander maatreëls in plek hê vir die beskerming van taalregte ooreenkomstig 'n duidelike raamwerk vir standarde en optrede. Die staat het ook 'n plig om taalregte ooreenkomstig die beginsel van proporsionaliteit toe



Moedertaalonderrig is 'n fundamentele reg en wetenskaplik bewys as die beste medium van nuwe kennis oordra.

Volgens Strydom word die beginsel van menswaardigheid gekoppel aan taalregbeskerming en gemeenskappe kan hul op grond hiervan beroep op die VN-verdrag oor burgerlike en politieke regte wat deur Suid-Afrika onderteken is.

Strydom het verduidelik dat gemeenskappe hul tot internasionale remedies kan wend vir die beskerming van hul taal mits plaaslike remedies soos litigasie uitgeput is. In die geval van Suid-Afrika is daar reeds in 2016 deur AfriForum en ander 'n klag by die VN-komitee ingedien omdat nasionale wetgewing nie in al die tale beskikbaar is nie.

Strydom sê die Suid-Afrikaanse regering moet nog tot die besef kom dat die verwaarlosing van sekere gemeenskappe tot 'n kruitvat-situasie en konflik kan lei.

Prof. Theo du Plessis, hoogleraar in talbestuur en direkteur van die eenheid vir taalfasilitering en bemagtiging by die Universiteit van die Vrystaat (UV), het gewys op die belangrikheid dat taalgemeenskappe moet voortgaan met litigasie om hul taalregte op te eis. "Daar kan egter nie alleen op litigasie staatgemaak word nie. Taalaktivisme moet ook bedryf word as daar 'n wetlike basis daarvoor is."

Prof. Elirea Bornman, verbonde aan Unisa, het gewys op hoe moedertaalonderrig taal- en selfs landstrots bevorder. "Om in Afrikaans te studeer, bevorder nasiebou en studente wat in Afrikaans by Unisa studeer, voel dat hulle selfs dieper wortels met die land en sy mense het."

Voorts het studente by Unisa wat in Afrikaans studeer, aangedui dat hulle beduidend minder daarin belangstel om te emigreer.

Adv. Albert Lamey, regsgeleerde het oor Afrikaans as wetenskapstaal gepraat met spesifieke verwysing na die mediese profesie.

Lamey het gefokus op die belangrikheid van onderrig in 'n taal soos Afrikaans om uiteindelik 'n gemeenskap te kan dien. As voorbeeld het hy gewys op die benadeling van pasiënte en hul regte as hulle byvoorbeeld in Engels bedien word terwyl hulle nie die mediese terme of verduidelikings verstaan nie. Dit terwyl Afrikaans as akademiese taal in die mediese beroep reeds ten volle ontwikkel is.

Ontmoet GHA-bestuurslede.



Ruan Naude

Neef Ruan Naude, voorsitter van die Handhawers kan gekontak word by 082 655 2051, en hy skryf soos volg:

Die Handhaverjeug is die jeugvleuel van die Genootskap vir die Handhawing van Afrikaans. Ons glo dat ons taal suiwer en skoon moet bly en nie onderdruk moet word van die hedendaagse regering en tot niet gaan nie. Ons wei onself om ons taal, kultuur en geloof te laat voortleef. Ons glo in die Drie-enige God, sonder wie ons nie ons doelwitte of potensiaal kan bereik nie.

Ons doel as Handhaverjeug is om te fokus op die jeug, hulle leiding te gee en 'n liefde te kweek vir ons taal, kultuur en geloof.

Ons beleid is om in vertroue op ons Hemelse Vader, met trots op ons taal en n liefde vir ons volk en vaderland, altyd helder te praat, suiwer te dink, net reg te laat geskied, en ons lewens altyd eerbaar en ordenklik te lei.

Die Handhaverjeug bied elke jaar die suksesvolle Majuba avontuurkamp aan waar ons, ons kinders ons ware efenis leer en om dit te geniet! Ons bied reg deur die jaar Boeresport by verkeie geleenthede aan en wys ons kinders hoe lekker dit is om Afrikaners te wees. Ons beplan ook n paar kampe die jaar onder andere n winterskamp na Orania. Ons beplan ook n paar museum uitstappies om ons ryk geskiedenis te vier! Die Handhaverjeug staan nie terug vir enige slaggat of struikelblok wat in ons pad staan nie. Jy is nooit te oud vir die Handhaverjeug nie! Afrikaans is ons erns!!

Bertus Stieger, GHA-hoofbestuurslid skryf:
Ek is in Kempton Park gebore op 3 Maart 1989 in 'n Afrikaanse familie. Ek het in Pretoria groot geword. Voltooi my skoolloopbaan aan die Hoër Tegniese Skool Pretoria.

Dit kan teruggetrek word na baie vroeg in my lewe wat liefde en passie vir Afrikaans ontstaan het deur Afrikaanse musiek waarna daar in ons huis geluister het, Afrikaanse films uit toeka se dae waarmee ek die eerste keer as klein seuntjie by my Oupa kennis maak en wat later jare groot stokperdjie sou raak. Op hoërskool ontmoet ek 'n ene Pieter Oosthuizen vir wie Afrikaans toe alreeds na aan die hart gelê het en wie se passie vir Afrikaans, Afrikaanse drama, digkuns en poësie 'n merkwaardige indruk op my maak.

Vroeg in 2013 sien ek 'n plasing op Facebook vir oudisies vir 'n beoogde versdrama, die Lange Hoop, wat later daardie jaar deur die GHA op die planke gebring sou word ter viering van die 175ste herdenking van die Groot Trek. Weens my liefde vir Afrikaanse stories en rolspel op die verhoog en die geskiedenis van my herkoms wat ek myself moes navors en opsoek omdat dit nie deelgevorm het van geskiedenis wat ek op skool geleer het nie het ek gereageer op die plasing en 'n oudise gaan aflê en die rol van trekleier Piet Uys losgeslaan het. Dis hier en tydens die repitiesies waar ek kennis maak met die GHA en hulle werksaamhede.



Bertus Siegers

In 2017 word ek deur Pieter Oosthuizen genader om betrokke te raak by die GHA as lid maar ook as hoofbestuurslid weens my passie vir Afrikaans en die voortbestaan daarvan wat uit menigte van my Facebook plasings na vore gekom het.

Omdat ek met alles in my glo dat Afrikaans vir geen ander taal hoef terug te staan nie en dat Afrikaans kan voortbestaan is ek oortuig daarvan dat die handhawing van Afrikaans van uiterse belang is en dat die GHA genoeg dryf en motivering het om dit te bewerkstellig en dat 'n organisasie soos die GHA vorentoe van die voorste teenstanders en strydery kan wees teen die onderdrukking en moord op Afrikaans.

Ma en dogter GHA-bestuurslede.



Nig Malinda Venter

Malinda Venter is gebore in Pretoria, en het daar groot geword en skool gegaan.

Sy was in Eendracht Laerskool, het haar matriek in Hoërskool Langenhoven voltooi. Na matriek het sy vir M.H.V.S gewerk +-13jaar.

Sy het haar eie herwinnings besigheid begin, Cullinan-Rayton Skroot Metale. Haar man Jaco en Jaco junior is tans aan die stuur van sake en hulle woon op 'n klein plasje in die Cullinan distrik. Sy is in die APK Cullinan-Rayton gemeente en ook Sondagskool juffrou.

Malinda en haar man Jaco Venter kom al 'n lang pad saam die GHA. Hulle is al 24jaar betrokke by die GHA. Hulle is nie skaam vir dit wat reg is en na aan hulle harte lê nie.

Hulle kinders is al van kleins af betrokke. Julindie, haar dogter was die kleinste in die Volkspele van die GHA, net 3jaar oud. Haar kinders dien nou op die Handhaverbestuur.

Dit is haar 'n voorreg om deel te wees van mense wat hul godsdiens, taal en kultuur eerste stel.

Malinda het 6 kinders en 5 kleinkinders.

Julindie Willemse, ondervoorsitter van die Handhaverjeug is getroud met Sean Willemse en het 'n baba dogtertjie van 2maande.

Sy het in 2018 gematriekuleer aan die Hoërskool Oos-Moot en is tans 'n gegradueerde onderwyseres by Kiddo Kleuterskool in Rietfontein en 'n Sondagskool juffrou by die AP Kerk Moot.

Sy was 'n klein baba toe die GHA se eerste tak in Jaco en Malinda Venter, haar ouerhuis gestig is. Daaruit het die Handhaverjeug gespruit en was sy maar 2jaar oud.

Julindie is nie net die voorsitter van die Handhaverjeug nie maar ook die sekretaresse van die GHA.

Sy is baie lief vir haar taal, volk en kultuur en verstaan die belangrikheid om die Afrikaner geskiedenis met die jongmense van vandag te deel. Sy het 'n groot liefde vir kinders en voel dat elke jong seun en dogter moet weet waar hy/sy vandaan kom en trots daarop moet wees.



Nig Julindie Willemse en gesin

MAJUBA



Karine Bischoff, vise-voorsitter van die GHA, organiseer die kampingertjies op 'n sopnat Majubafees. Regsagter is die veldkombuis.



Hierdie is die 5de medalje wat die GHA by Majuba aangebied het.



Twee maatjies dra hulle medaljes met trots. Hulle verdien dit, want hulle was bo-op Majuba.



'n Gesonde liggaam huisves 'n gesonde gees. Tyd vir spiere losmaak op Majuba met die moredou in die lug...



Die Handhawers reël gereeld Boeresportdae waar dié organisasie sigbaarheid kry, maar ook nuwe lede kan werf. Die taak van die Handhawers is om te fokus op die jeug, hulle leiding te gee, en 'n liefde vir ons kultuur en taal te kweek.

PIONIERSMUSEUM
SILVERTON, PRETORIA